

Om die Woord met ander te deel



Sabbatmiddag

Skrifverwysings vir hierdie week se les:

Ps. 119:105, Jer. 23:29, Heb. 1:1-3, 2 Tim. 3:14-17, 1 Joh. 1:7-9, Pred. 3:1, asook 2 Tim. 4:2.

Geheeteks:

“So sal my woord wees wat uit my mond uitgaan: dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur” (*Jesaja 55:11, OAB*).

Wanneer ons vir Christus getuig, praat ons oor Hom. Ons sou egter nie veel van Hom geweet het sonder die Bybel nie, of hoe? Om die waarheid te sê, sonder die Skrif sou ons nie veel van die groot stryd en die liefde van God; of van die geboorte, lewe, bediening, dood, opstanding en wederkoms van Jesus geweet het nie. Die natuur getuig wel van God se mag en majesteit. Tog onthul dit nie die verlossingsplan nie. Deur die influistering van die Heilige Gees, besef ons weliswaar dat Jesus die “ware lig [is] wat elke mens verlig” (*Joh. 1:9, NAB*). Tog is die openbaring van die waarheid – via die Gees in ons binnenste – in ’n sekere sin beperk sonder die toeligtig van die waarheid deur die Skrif. God se geskrewe Woord is die duidelikste en volledigste openbaring van Jesus, die lewende Woord. Hoewel die godsdienstige leiers van Jesus se tyd die Woord van God bestudeer het, het hulle die kernboodskap knaend misgekyk. Dit is waarom Jesus vir hulle gesê het: “Julle ondersoek die Skrif, omdat julle dink dat julle die ewige lewe daarin kry. En dit is juis die Skrif wat oor My getuig” (*Johannes 5:39, NAB*). Waar die Skrif egter reg verstaan word, weerspieël elke bybelleerstelling die skoonheid van Jesus se karakter. Wanneer ons die Woord van God verkondig, is die hoofdoel egter nie om onself reg en ander mense verkeerd te bewys nie, maar om deur elke faset van die waarheid wat ons oordra Jesus na vore te bring.

* *Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 15 Augustus.*

Versinnebeeldings van God se Woord

Lees Psalm 119:105, Jeremia 23:29, Lukas 8:11 en Matteus 4:4. Watter vyf simbole word hier gebruik om die Bybel mee te versinnebeeld? Waarom dink jy is hierdie simbole gekies?

Die onderskeie simbole wat in hierdie skrifgedeeltes gebruik word, beskryf die hoof funksies van die Woord. Wanneer 'n mens die Bybel met ander deel, verlig dit jou ganse lewe, m.a.w. dit is jou lewenslig. Jesus – “die lig van die wêreld” verdryf die duister van wanbegrip oor wie God is, en wat die aard van sy karakter is. Mense wat voorheen in donker doolhowe van mistasting vasgevang was, se denke en lewenspad word via die Bybel deur die Heilige Gees verlig. Volgens Jeremia is die Woord van God soos 'n hamer en vuur. Dit loog ons lewens van die onsuiverhede van sonde en breek die skanse van hoogmoed om ons harte af. Wanneer ons ander help om die heerlikheid van Jesus in die Bybel raak te sien, word die skanse van die onboetvaardige hart omgegooi. Deur die vuur van Gods liefde word lewens van onsuiverhede – van die selfsug, gierigheid, wellus en selfgesentreerdheid – gelooë.

Die Woord van God word ook met 'n saadjie vergelyk. Die sleutel-eienskap van saad is dat dit lewensgewend is. Saad benodig natuurlik tyd om te groei. Die onderskeie saadjies neem nie ewe lank om te ontkiem nie. Net so, groei die saailinge nie teen dieselfde tempo nie. Die punt is: onder die regte omstandighede ontkiem die saad en bring lewe voort uit die grond. Wanneer 'n mens die saadjie van Gods Woord in ander se gedagtes en harte plant, sien jy nie altyd kitsresultate nie. Tog groei die saadjie stilletjies, op sy tyd, soos God dit beskik. Dit gebeur natuurlik net as die persoon in wie se hart dit geplant is, ag slaan op die influisterende Gees. Dan sal dit uiteindelik 'n ryke oes vir Gods koninkryk voortbring.

Jesus vergelyk ook sy Woord met 'n heilsame kossoort, brood. Soos baie van ons reeds weet, is daar min dinge so versadigend, bevredigend soos lekker brood. Die Woord van God is versadigend, want dit stil die honger van die gees en voed die innerlike. Namate 'n mens die beloftes in die Woord met ander deel en hulle help om Jesus as die Woord te ontdek, word hul lewens radikaal verander. Dit gebeur vanweë die goedheid van God wat hulle beleef, sy liefde wat hulle bekoor, sy onbeskryflike genade wat hulle verras, en sy teenwoordigheid wat die innerlike versadig.

Dink opnuut aan al die waarhede wat ons slegs deur die Bybel ken. Wat sê dit vir 'n mens oor die mate waartoe ons al die dinge wat ons daaruit leer, behoort te koester?

Die skeppende krag van die Woord

Vergelyk Hebreërs 1:1-3, en hfst. 4:12, asook Psalm 33:6 en 9. Wat sê dit vir 'n mens oor die krag van Gods Woord?

Die woord van God is 'n lewende woord (in alle opsigte van die woord, beide met 'n klein- en 'n hoofletter!). Dit is kragtig omdat dit gespreek word en dan dinge tot stand bring. Die mens kan slegs oor bestaande dinge praat, maar die Here praat oor dinge wat nog nie bestaan nie, en skep hulle dan deur die mag van sy woord. Die dinge wat God spreek, is dus ook skeppend. Die letterlike woorde wat uit sy mond kom, is by magte om te skep sodra dit geuiter word.

In die skeppingsverhaal in Genesis 1 lees 'n mens herhaaldelik die sinsnede “toe het God gesê” (*Gen. 1:3, 6, 11, 14, 20, 24, 26 en 29*). God se uitsprake was so kragtig dat droë land te voorskyn gekom het. Ja, plante het opgekom, blomme het oopgegaan, vrugtebome het uitgespruit en welig gegroei, en selfs diere het te voorskyn gekom. Die Klassieke Hebreërs het 'n fassinerende werkwoord wat op God se skeppende aktiwiteit dui: bara. In hierdie vorm dui die werkwoord op 'n Goddelike handeling, naamlik om iets uit niks te skep. Bara word dus slegs gebruik wanneer God die doener is. Met ander woorde: God is al een wat kan bara, en Hy doen dit deur die mag van sy gesproke woord.

Nie net het God die wêreld deur die mag van sy woord geskep nie, maar hou dit ook daardeur in stand en aan die gang. Dieselfde krag wat in die gesproke woord van God is, is ook in sy geskrewe Woord. Dieselfde Heilige Gees wat by die skepping betrokke was, was ook betrokke by die ingee van die Skrif. Die Gees is boonop ook teenwoordig wanneer 'n mens die Bybel lees of dit met ander deel. Die Woord van God het die vermoë om lewe te gee, lewens te verander, en in die lewe te roep. “Dieselfde skeppingskrag wat wêreld in die lewe geroep het, is ook in die Woord van God te vinde. Hierdie Woord skenk krag. Dit is lewensgewend. Elke bevel daarin is 'n belofte, 'n belofte wat 'n mens aanvaar en kies om jou mee te vereenselwig, en wat lewe van die oneindige God bring. Dit transformeer 'n mens se aard en wese, en herskep jou van binne na die beeld van God” (Ellen G. White, Education, bl. 126). Namate 'n mens die beloftes in Gods Woord self begin verstaan, word jou lewe getransformeer; en namate 'n mens ander help om daardie wonderbaarlike beloftes te begryp, sal die Heilige Gees ook hul lewens verander.

Stel jou dit voor: God het gespreek en dinge het tot stand gekom. Wat beteken dit? Wat sê hierdie wonderbaarlike feit vir 'n mens oor die mag van God? Waarom behoort hierdie waarheid oor God se skeppende mag die gelowige te bemoedig?

Die voordele van die bestudering van God se Woord

Die bestudering van Gods Woord hou vele voordele in. Die apostel Petrus sê dat ons deur die beloftes in die Woord “deelgenote kan word van die goddelike natuur” (2 Pet. 1:4, OAB). Jakobus praat van die “die ingeplante woord, wat in staat is om julle siele te red” (hfst. 1:21, OAB). Voorts sê Paulus in ’n preek in Handeling: ““Die woord van sy genade... is magtig om julle op te bou en julle in die seëninge te laat deel wat Hy aan al die gelowiges as erfdeel belowe het”” (Hand. 20:32, NAB). Die Bybel het ten doel om te red. Om Jesus oral in die Skrif raak te sien, is transformerend. Deur daardie aanskoue – van Christus in die Woord – woord ’n mens soos Hy (2 Kor. 3:18). “Dit is ’n beginsel wat beide in die wêreld van die intellek en van geestelike dinge geld: dat ’n mens deur aanskoue verander word. Die verstand pas geleidelik aan by die dinge waaraan ’n mens jou denke blootstel” (Ellen G. White, *The Great Controversy*, bl. 555).

Lees 2 Timoteus 3:14-17 en Johannes 17:14-17. Watter bykomstige voordele trek ’n mens uit die bestudering van God se Woord?

In sy skrywe hier doen Paulus ’n ernstige beroep op sy jong medewerker, Timoteus, om getrou te bly aan die Skrif. Hy wys hom ook op die voordele van bybelstudie. “Dit kan jou die kennis bybring wat tot verlossing lei” sê Paulus aangaande die Bybel (NAB), d.w.s. dit bring die waarheid na vore en onthul dwaalleer. Dit bied die leser ’n uiteensetting van God se plan vir die mens. Dit wys ’n mens op jou sondes, stel ’n mens se verkeerde maniere van dink reg, en lei jou in die weë van geregtigheid. Die Skrif openbaar immers die geregtigheid van Christus. Dit lei ons weg van dwaasheid – die dwaasheid van ons sondige weë – en rig ons skrede na die skoonheid van sý geregtigheid. Die Woord vul ’n mens met verwondering ten aanskoue van die skrilte kontras tussen Jesus se onbaatsugtige liefde en die sondaar se eie selfgesentreerdheid. Namate ’n mens die diepte van Sy medelye en tedere omgee in die Skrif besef, word jou lewe verander. Wanneer jy die Woord van God en Christus met ander deel, word daardie mense ook radikaal getransformeer. Deur Jesus in sy Woord te aanskou, word ’n mens al meer soos Hy. Om vir Jesus te getuig, gaan egter nie oor die oordra van die gelowige se eie idees en geloofsoortuigings nie, maar uitsluitlik oor die deel van ewige waarhede uit die Woord van God. ’n Mens put wonderbaarlike seëninge uit die Woord van God, en dit maak jou getuie eg en geloofwaardig wanneer jy die uitnodiging aan ander rig om ook daardie geseënde lewe deelagtig te word.

Dink ’n bietjie aan ’n moeilike tyd waardeur jy gegaan het en hoe die Woord van God jou die krag gegee het om te volhard. Wat het jy uit daardie ervaring geleer?

Die toepassing van God se Woord

Iemand het al bepaal dat daar meer as 3,000 beloftes in die Bybel is. Elkeen van daardie beloftes is die opregte wense van 'n liefdevolle God, 'n God wat "magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink" en "wat deur sy krag... in ons werk" (*Ef. 3:20, NAB*). Deur die beloftes wat Hy maak, verbind God Hom natuurlik tot bepaalde handeling. Hy stel homself onder verpligting ter wille van elke mens. Namate ons gelowig op sy beloftes aanspraak maak, en ander mense leer om dit ook te doen, sal gelowiges oorvloedige seëninge van Bo ontvang. Die apostel Paulus beklemtoon hierdie Godgegewe werklikheid in Romeine 8: "Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie?" (*vers 32, NAB*). Petrus verduidelik hoe hierdie belofte werk, deur te sê: "Sy Goddelike krag het ons alles geskenk wat ons nodig het om te lewe en Hom te dien" (*2de Sendbrief, hfst. 1:3, NAB*). Deur Christus se kruisdood, en sy oorwinning oor Satan en die magte en kragte van die bose, het Hy al die nodige hulpmiddels verskaf sodat die gelowige 'n vrome lewe gerig op geestelike dinge kan lei. Boonop belowe Hy ook om in ons basiese, stoflike behoeftes te voorsien.

Vergelyk 1 Johannes 1:7-9 en Filippense 4:13 en 19. Hierdie beloftes verskil tot 'n mate hemelsbreed van mekaar. Wat sê dit nogtans vir 'n mens, oor die karakter van God? Hoe het hierdie beloftes jou lewe geraak?

Die beloftes in die pasgelese skrifgedeeltes verskil inderdaad van mekaar. Tog laat dit 'n mens met dieselfde indruk oor die soort wese wat God is. Dit toon dat God 'n God van liefde en vergifnis, met eindelose mag is; 'n koesterende God wat in ons basiese behoeftes voorsien. Uit hierdie beloftes put ons die versekering dat die Here vreeslik baie vir ons omgee.

Lees Hebreërs 3:19 en hfst. 4:1-3, asook Matteus 13:58. Wat leer ons uit hierdie skrifgedeeltes oor die feit dat 'n mens geloof aan die dag behoort te lê?

Die Bybel is vol van God se wonderlike beloftes. Wanneer 'n mens gelowig daarop aanspraak maak en dit glo omdat Jesus dit belowe het, word die seëninge wat dit meebring ook ons s'n. Dit is 'n gebrek aan geloof in God se vermoë om te doen wat in sy Woord belowe het, wat maak dat daardie beloftes nie behoorlik in ons lewens vervul word nie. Vra die Here om jou hierdie week te lei na iemand wat dringend moet hoor van die beloftes in Gods Woord en die hoop wat dit bring.

Om die Woord met ander te deel

Goeie nuus behoort gedeel te word. Dink aan al die kere in jou lewe wat jy al met goeie nuus verras is. Dalk was dit jou verlowing of die geboorte van ’n kind, of ’n nuwe werk, of die koop van ’n nuwe motor of huis. Hoe dit ook al sy, jy was seker so opgewonde dat jy nie kon wag om ander daarvan te vertel nie. Dit is so lekker om ’n mens se vreugde met ander te deel. Tog is die heelbeste nuus om met ander te deel, die verhaal van Jesus. Wanneer jy bybelstudie doen, en dit jou tot dieper insigte aangaande die mens se verlossing in Christus Jesus bring, borrel ’n mens skoon oor van vreugde. Dan wil ’n mens iemand anders daarvan vertel. Let op Petrus se woorde, toe die destydse godsdienstige leiers die apostels se prediking in die wiele probeer ry het: “Wat ons betref, dit is onmoontlik om nie te praat oor wat ons gesien en gehoor het nie” (*Hand. 4:20, NAB*).

“Skaars het ’n mens ’n oorgawe aan Christus gemaak of die begeerte pak jou om aan ander bekend te maak wat ’n kosbare vriend jy in Jesus ontdek het. Daardie reddende en heiligmakende waarheid kan jy dan [beslis] nie vir jousef hou nie. As ’n mens met die geregtigheid van Christus bekleed word en oorloop van die vreugde oor die inwonende Gees, sal jy jou [definitief] nie kan betoel nie” (Ellen G. White, *Steps to Christ*, bl. 78). In Romeine 1:14-16 skryf Paulus: “Teenoor Grieke sowel as nie-Grieke, teenoor wyse sowel as onverstandige mense is ek ’n skuldenaar. Vandaar die verlange van my kant om ook aan julle wat in Rome is, die evangelie te verkondig. Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is ’n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek” (*OAB*). Die apostel Paulus het nooit moeg geraak om sy bekeringsverhaal aan ander te vertel nie. Hy het oorgeloopt van Jesus-vreugde. Vir hom was die blye boodskap inderdaad ’n blye boodskap – iets waarvoor hy nie kon stilbly nie en eenvoudig aan ander moes oorvertel.

Watter noodsaaklike beginsels aangaande die verkondiging van Gods Woord put ’n mens uit Jesaja 50:4, Prediker 3:1 en 2 Timoteus 4:2?

Wanneer mens ’n oorgawe aan Christus en sy diens maak, sal Hy die geleentheid vir jou skep “om die regte woorde te gebruik,” en ook om op die regte oomblik te praat met diegene wat Hy ontvanklik gemaak het vir die Woord. In ons getuienis moet ons deurgaans by drie bybelse beginsels hou: Let op wat jy sê, hoe jy dit sê, en wanneer jy dit sê.

Met wie is jy deesdae in kontak, en hoe kan jy ’n beter getuienis vir Christus teenoor daardie persoon/persone wees?

Vir verdere studie:

Lees Ellen G. White se “A Knowledge of God” op bl. 87-91 in *Steps to Christ*, “Bible Readings With Families” op bl. 192-193 in *Gospel Workers*, asook “Bible Work Techniques” op bl. 481-486 in *Evangelism*. Die Here werk in die mense om ons se harte. Met die nodige geestelike onderskeidingsvermoë sal ons die werking van die Gees in ander se lewens kan bespeur, en dan sal die kans om te getuig, nie verspeel word nie. Namate God die grond van ander se harte voorberei, het ons die geleentheid om die saadjies van die evangelie te saai. Die Heilige Gees het Nikodemus innerlik voorberei – so ook die Samaritaanse vrou by die put, die vrou wat aan bloedvloeiing gely het, die boetvaardige dief aan die kruis, die Romeinse hoofman oor honderd, en vele ander wat die Woord van die Vader vóór hul eerste ontmoeting met Jesus ontvang het. Deur hul lewensomstandighede en die influistering van die Heilige Gees is diesulkes voorberei op Christus se boodskap. Om saam met iemand te bid, of ’n bybelbelofte met daardie persoon te deel, of bloot leesstof aan hom of haar te gee – is iets wat baie gelowiges huiwer om te doen. Wanneer ’n mens egter die gevoel kry dat jy jou geloof met iemand behoort te deel, gebeur dit in die meeste gevalle onder ’n dubbele ingewing van die Heilige Gees – die Gees praat met jou omdat Hy reeds daardie persoon op jou getuienis voorberei het.

Vrae vir bespeking:

1. Gestel iemand nader jou, vreeslik skuldig oor iets wat daardie persoon verkeerd gedoen het en waarvoor hy/sy vergifnis by God soek. Watter raad sal jy hom/haar gee? Van watter bybeltekste sal jy daardie persoon vertel? Dink aan jou eie belewenisse betreffende skuldgevoelens en die krag van God se vergifnis. Hoe het jy dit te bowe gekom?
2. Soms bring die Here mense oor ’n mens se pad omdat Hy verlang dat hulle die waarheid ontdek. Hoe bly ’n mens egter, geestelik gesproke, “op die uitkyk” om sulke persone raak te sien?
3. Dink ’n bietjie aan die krag van God en die krag van sy woord (en Woord), soos dit in die opgetekende skeppingsverhaal en die gebeurtenis self gestalte vind. Die heelal as ’n verskynsel is nie iets wat ons kan kleinkry nie omdat dit byna oneindig groot is. Om te dink dat die God wat dit geskep het duidelik groter as sy skepping moet wees! Hoe vertrous die wete ’n mens dat die God wat ons dien almagtig is? Tog is Hy nie net almagtig nie. Hy het ons boonop lief. Watter groot hoop put ’n mens uit die besef dat God beide almagtig en liefdevol is? Hoe kan hierdie kennis ’n mens help om ’n beter getuie vir Jesus te wees?